# 15

# Ek hou daarvan om te help

## Helpende hande




Ek hou daarvan om by die skool te help ... Ek maak die swartbord skoon. Ek maak die snippermandjie leeg. Ek dra my onderwyser se tas. Ek tel rommel op. Ek help my vriend.


Ek hou daarvan om my familie te help ...
Ek kam my ma se hare.
Ek maak vir my pa tee.
Ek maak my ouma se bril skoon.
Ek bad my babasussie.
Ek vat die hond om te gaan stap.
... Ek hou daarvan
om al die mense te help wat
my lief het en na my kyk!